Pretoria - 3 Augustus 2014

Skriflesing: Psalm 141; Lukas 11:1-13
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 45**
Teks: Psalm 141:2; Lukas 11:1
Sing- Ps. 103:1,7; Ps. 86:3; Ps. 33:11

Psalm 141

Psa 141:1 'n Psalm van Dawid. HERE, ek roep U aan; kom tog gou na my toe; luister na my stem as ek U aanroep.
Psa 141:2 Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psa 141:3 HERE, stel 'n wag voor my mond, bewaar die deur van my lippe.
Psa 141:4 Neig my hart nie tot iets wat sleg is, om in goddeloosheid dinge te doen saam met manne wat ongeregtigheid werk nie; en laat my van hulle lekkernye nie eet nie.
Psa 141:5 Laat die regverdige my met liefde slaan en my tugtig—hoofsalf sal my hoof nie weier nie; want nog is my gebed teen hulle booshede.
Psa 141:6 As hulle regters aan die kant van die rots afgegooi word, dan sal hulle hoor dat my woorde lieflik is.
Psa 141:7 Soos 'n mens in die aarde vore en skeure trek, is ons beendere gestrooi by die mond van die doderyk.
Psa 141:8 Want op U is my oë, HERE Here; by U skuil ek: giet my siel nie uit nie!
Psa 141:9 Bewaar my vir die mag van die vangnet van die wat vir my strikke stel, en vir die strikke van die werkers van ongeregtigheid.
Psa 141:10 Laat die goddelose in hulle vangkuile val, almal saam, terwyl ék verbygaan!

Lukas 11:1-13

Luk 11:1 En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.
Luk 11:2 En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
Luk 11:3 gee ons elke dag ons daaglikse brood;
Luk 11:4 en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat aan ons skuldig is; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Luk 11:5 En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode,
Luk 11:6 want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie—
Luk 11:7 en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie.
Luk 11:8 Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het.
Luk 11:9 En Ek sê vir julle: Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.
Luk 11:10 Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.
Luk 11:11 En vir watter vader onder julle sal sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee;
Luk 11:12 of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee?
Luk 11:13 As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?

Kategismus
Sondag 45

116 *Vraag*: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?
Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).
(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.

117 *Vraag*: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?
Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).
(a) Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13;16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.

118 *Vraag*: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?
Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a). (a) Jak 1:17; Matt 6:33.

119 *Vraag*: Hoe lui hierdie gebed?
Antwoord: Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.
(a) Matt 6:9-13; Luk 11:2-4.

Skriflesing: Psalm 141; Lukas 11:1-13
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 45**
Teks: Psalm 141:2; Lukas 11:1
Sing- Ps. 103:1,7; Ps. 86:3; Ps. 33:11

Broeder en suster- Verlede keer het ons gehoor dat gebod en gebed is onafskeidbaar van mekaar. Die Here se gebooie maak die gebed noodsaaklik. As ons nie die Here in gebed om gehoorsaamheid aan sy gebooie vra nie, dan kan ons nie by God se gebooie leef nie. Ons skiet te ver kort tekort. Uit onsself kan ons nie aan God gehoorsaam wees nie. Uit ons belydenis besef ons ook nou dat ons uit onsself nie kan bid nie. Alles vir ons, in ons plek, selfs in ons plek het Hy gebid. As u nou bid en Jesus tree nie vir u in nie, Hy bid nie vir u nie, dan is die gebed nie ’n gebed nie.

As Jesus Homself in sy Woord aan ons bekendmaak, dan is dit dwarsdeur God se Woord duidelik hoedat Jesus gebid het. Hy bid soms nagte deur, op die afgesonderde plekke het sy dissipels Hom gesien bid. Soveel só, dat hulle later nie anders kon as om Hom te vra nie- *Here, leer ons bid...*

Op afgesonderde vreemde plekke bid Hy, in Getsemané bid Hy, sy sweet word later soos bloeddruppels wat op die grond val- *as dit u wil is laat tog hierdie beker by my verbygaan, nogtans nie my wil nie, maar U wil.* Die beker wat nie by Jesus kon verbygaan nie. Het u daaraan gedink dat vir Jesus was daar NIEMAND vir wie Hy die beker kon aangee nie, Hy moes dit alleen uitdrink, die beker simbool van God se toorn en wraak, het op Hom alleen afgekom. Die beker van God se wraak, het Hy nou 'n beker vol van genade gemaak, genade nie so klein soos 'n kelkie nie, maar so groot soos 'n beker. Die groot beker vertel vir ons van God se groot genade, wat nie verkleineer mag word nie.

***

Na Getsemané bid Jesus nog steeds, al het Hy nou-al geweet die beker sal Hy alleen moet uitdrink. Hy alleen sal alles moet dra, maar dan bid Hy steeds. Aan die kruis bid Hy, die sewe keer wat Jesus aan die kruis praat, die sg. sewe kruiswoorde, dit is eintlik elke keer 'n gebed as Jesus sy mond oopmaak. Sy mond teen daardie tyd al so droog, Hy is baie dors, moeilik om te praat, maar dan is daar nog steeds gebede……in gebedsworsteling hoor ons Hom dit uitroep, Hy moet dit in gebed vra – *My God, my God, waarom het U my verlaat*…..Die laaste kruiswoorde – *O Vader, in u hande gee Ek my gees oor…..*

Sy laaste woorde, sy laaste gebed is die van algehele oorgawe. 'n Gebroke hart, 'n gebroke gees, dit is wat ons gebede nodig het. Dawid het dit in Psalm 51:19 al vir die Here gebid – *Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie.* Jesus se hart is gebreek, sy gees is gebreek, alleen God kan dit heelmaak. Die laaste offer wat Jesus as gewone mens aan God gee, is sy hart, sy gees, Hy stuur dit nou met gebed na God toe op……Gebed is om te stuur, om op te stuur, soos 'n offer wat opgaan. Ons het in Psalm 141 gehoor dat gebede met offers vergelyk word…..vers 2 – *Laat my gebed soos reukwerk voor u aangesig staan, die opheffing van my hande soos die aandoffer……*

***

Hy, die biddende Jesus, sy lewe is 'n lewe van gebed, sy hele lewe is 'n offer aan God, 'n offer wat bestaan uit gebede. Jesus wys vir ons die noodsaaklikheid van die gebed. Jesus wys vir ons die vereistes vir die regte gebed. Jesus gee vir ons selfs die inhoud van die gebed. Voordat ons belydenis met die gebed begin, is daar in die drie hoofgedagtes eintlik al klaar 'n gebed dat ons die noodsaak, die vereistes, die inhoud van die gebed reg sal verstaan. Eerste dan –

Die noodsaak van die gebed:

Jesus het vir sy dissipels gewys, dit was duidelik dat ’n mens moet bid. Sonder gebed is geloof nie moontlik nie, die geloof is dan dood, ’n dooie geloof! Augustinus het in sy tyd gesê – die gebed is soos om asem te haal, sonder asem kan die liggaam nie leef nie, sonder gebed kan die geloof, kan die siel nie leef nie.

In die ou tyd moes die volk aan die Here offers bring. Offer wat in Hebreeus die betekenis het van ’n gawe, of ’n ander Hebreeuse woord dui op die opgaan van die brandoffer. As ons van offers praat, dan kan ons ook praat van ’n gawe aan God wat moet opgaan. Daar is honderde plekke in die Ou Testament waar daar van hierdie offers gepraat word.

Een duidelike onderskeid tussen die offers wat toe bestaan het lê in bloed. Daar was bloed-offers, dan was daar ook bloedlose offers. Die bloed-offers is die baie diere wat geslag is, die beste van die diere moes aan God geoffer word. Alleen bloed kon versoening bewerk. Die finale bloedoffer, was die bloed van God se eie Lam, sy Seun. In Hom is die laaste bloedoffer volbring, dit vorm ook deel van die sewe kruiswoorde as Jesus sê – *Dit is volbring!* Jesus volbring die bloedoffer dat daar na Hom net van bloedlose offers sprake kan wees.

***

Bloedlose offers wat God met die beginsel van een-tiende al aan sy volk geleer het. Een-tiende is die beginsel, is die aanduiding wat God gegee het, hoeveel en hoe gereeld van ons offers na Hom moet gaan. God gee vir ons alles, Hy gee tien-tiendes. Alle getalle, alles wat hier op aarde bestaan, kan ons bereken in die stelsel van tien en uit daardie tien-tiendes wat God buitendien vir ons gee, kom daar maar die enkele deel, die een-deel, die een-tiende wat God vir Hom opeis. Die Here verduidelik in die stelsel van tiendes eintlik hoe sy verbond werk.

Die verbond wat ten volle van God afkom is ’n tien-uit-tien verbond. Die verbond is tien-tiendes, God se verbond, dit is God se kant van die verbond – ALLES – tien uit tien. Die verbond het egter ook ’n ander kant, die ander kant is ons kant. Aan daardie kant stel God die een-tiende. Die een-tiende is die dankbaarheid kant. God ken ons onvolmaaktheid, Hy ken ons sonde, Hy ken ons hardkoppigheid, Hy weet hoe moeilik dit vir ons sal wees om ons kant van die verbond na te kom, daarom praat God van ons kant as die een-tiende kant. Van God se kant tien-tiendes, van

ons kant een-tiende. Die gebede is deel van ons kant van die verbond wat ons moet nakom. Ons belydenis sê – **Dit is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat God van ons eis...**

Ons kant moet 'n kant van dankbaarheid wees. Ons belydenis sluit dan ook met die gebed af, omdat die gebed sekerlik die hoogtepunt van 'n dankbaarheidslewe, van 'n een-tiende lewe sal wees. As ons in hierdie deel van die Kategismus oor gebede begin praat , dan praat ons oor u een-tiende kragtens dankoffers, u tyd, kragtens u lewe, of u lewe 'n gawe aan God is. Kan u gebede in u dankbare lewe gelees word, of is u ondankbare lewe 'n geskrif van u gebede. As u een-tiende kant nie in orde is nie, as u geldelike en liggaamlike dankoffers nie in orde is nie, dan is daar nie net met u dankbaarheidslewe iets verkeerd nie, daar is ook groot fout in u gebede. U dink miskien 'n mens kan nie in gebede 'n fout maak nie. 'n Gebed op sigself kan 'n groot fout wees as 'n mens nie reg bid nie. Dit kan 'n gebed sonder die Heilige Gees wees, dit kan 'n gebed sonder die genade van God wees. 'n Verkeerde gebed maak ons selfs verantwoordelik oor iets wat ons nie kan beskik nie. God se Gees, God se genade, is dan my eie skuld dat ek God nie daarvoor gebid het nie. As ons oor die noodsaaklikheid van die gebed praat, dan gaan dit ook oor die noodsaaklikheid om reg te bid. Soos Jakobus óók vir die mense aan wie hy geskryf het sê – *Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring*…….Ons tweede gedagte

<u>Die vereistes vir die regte gebed:</u>

Die eerste vereiste is dat ek tot die enige ware God bid. Ek kan nie soos die Rooms-Katolieke tot Maria, die moeder van Jesus bid nie, ek kan nie saam met die Moslems tot Mohammed bid en saam met die Hindoes of vir Boeddha bid nie.

Alleen uit die Woord soos wat God Homself as die enigste ware God aan ons geopenbaar het, kan ons gebede kom. Dan bid ons tot die ware ewige God om sy genade en sy Heilige Gees. Ons het bely- **Die Here gee sy genade en sy Heilige Gees alleen aan hulle wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.** Ons belydenis vra die Here om in sy Gees en in sy Woord te bid. Die werking van die Gees en die genade van God se Woord moet my gebede dra. As ons in die Gees bid, dan gaan dit beslis nie om 'n nuwe uitstorting van die Gees nie, maar dit gaan om 'n vervulling met die Heilige Gees, 'n volmaak met God se Woord, d.w.s. die kragtige deurwerking van die Gees, die vermeerdering van sy geseënde, vernuwende,

heiligende werking in ons binneste. Dan weet ons dit gaan in die gebed nie net daarin om van God iets te vra nie. Néé, dit is nie die vernaamste deel van die gebed nie. Die vernaamste deel is om God te dank. In hierdie dankbaarheid staan God se eer voorop. Die Onse Vader is ’n treffende voorbeeld – Die eerste drie sake gaan oor God se eer, dit gaan oor sake van die Here – *U Naam geheilig word, u koninkryk kom, u wil geskied……*

***

’n Biddelose hart wil God nie eer nie, so ’n hart sal die genade van God en die Heilige Gees nooit opvang nie, want so ’n hart is gesluit soos ’n huis sonder deure of vensters. Die Trooster, die Heilige Gees, sal vir so ’n mens nooit troosvol wees nie. So ’n mens ken nie vir God nie, maar so ’n mens ken homself ook nie. Ons belydenis sê **om reg te bid moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor Sy Majesteit kan verootmoedig.** Dit is ellendig dat ’n mens nie jou eie nood ken nie. Paulus het al daarvan in Romeine geskrywe – Rom. 8:26 *Ons weet nie reg wat ons moet bid nie.* Dit is eintlik so ’n logiese vereiste dat voordat ek my nood aan God kan voorlê, moet ek weet wat my nood is. Hoe groter die kennis van my ellende, hoe beter sal ek weet wat my behoefte voor God is. Ek sal weet hoe belangrik dit is, watter groot behoefte dit is dat ek Christus reg sal ken. Dit is die derde belangrike vereiste vir die gebed dat ons vir Christus ken. Christus, Hy is die Een vir wie die dissipels gevra het –*Leer ons bid…..*Hulle vra vir Jesus dat Hy hulle sal leer om reg te bid.

Ons kan nou nog vir Jesus vra om ons te leer bid. Jesus Self het gesê dat sonder Hom kan ons niks doen nie. Ook nie bid nie. ’n Gebed sonder Christus is soos ’n brander in die see. Jakobus praat in hoofstuk 1 ook van hierdie branders. Hy sê dit is mense wat twyfel, hulle hou nie deur die geloof aan Christus vas wanneer hulle bid nie. Elke golfie laat hulle twyfel. Hulle word soos branders rondgedryf en deur die wind voortgesleep. Sulke mense wat soos branders is, se gebede is verkeerd. Eendag is hulle gedagtes in die rigting, nou die dag is hulle weer met ander gedagtes in hulle gebede besig. Ons grootste gebedsnood is waarskynlik ons kleingeloof, ons warboel van gedagtes, waarin ons die beloftes van Christus nie kinderlik wil aanvaar nie. Ons wil nie vashou aan die waarheid in God se Woord nie. Ons sluit ons ore en ons maak ons oë toe as hierdie waarheid deur ons belydenisskrifte na ons toe kom. Die inhoud van die gebed is vir sulke mense ’n bysaak, as my gesindheid net reg is dan sal God na my luister. Dan begin ons al weer dwaal, want as die inhoud nie reg is nie, dan is die hele gebed verkeerd, al is my gesindheid hoe reg!

Daarom kyk ons kortliks in die derde plek na –

<u>Die inhoud van die gebed</u>

'n Regte gesindheid is dié van iemand wat hom aan God se wil onderwerp, iemand wat God van harte aanroep, sy gebed is 'n smeekgebed, sy gebed wil hom voor God verootmoedig, hy bid met vertroue, hy bid volhardend, sy gebed is 'n gebed van dankbaarheid. Dit alles kan daar staan, maar dan moet die gebed nog steeds die regte inhoud hê. As die inhoud van ons gebede nie vir God belangrik was nie, dan sou God nie vir ons die ***Onse Vader*** gegee het nie. Dit is die gebed wat Christus vir sy dissipels geleer het, nadat hulle Hom gevra het, *Here, leer ons bid*……Hierdie is 'n gebed **wat alle liggaamlike en geestelike behoeftes saamvat.** In die volgende weke wil ons by die verskillende bedes stilstaan.

'n Gebed wat 'n half-minuut duur het ons die rykste gebed wat daar is. Hierdie gebed kom van bo-af, soos Jakobus in hoofstuk 1 daaroor praat – *Elke goeie gif en elke volmaakte gawe deel van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.* Christus, Hy wat so volmaak heerlik tot sy Vader gebid het, u kan sy Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 óók vergelyk, Hy ons Leermeester en Hoëpriester gee vir ons die "Onse Vader"……Jesus leer ons wat om te bid.

AMEN